

OOS-AFRIKA VRIENDEKOMITEE

Newsletter No 8

Nuusbrief Nr 8

Oktober 1980 Oktober

JAMBO SANA HABARI



Kilimanjaro. Kibo Peak 19,340 ft.

There are incredible sights to see, from the cold heights
of the roof of Africa.

1

KILIMANJARO - MONUMENT

Dr. Pieterse

Ek hef my oë na die berge op,
Na Kilima, die Kibo-reus, en na
Njaro oer=gees - swaar van Ammon-Ra -
Wat bo die wolke troon sweef oor sy top.
O koepelkruin, Njaro roep ! Hy klop aan jou
sneeuwit poort, skoon sonder weerga.
Kratergletsers pêrel om jou kroon sawens
in sy gloed van songloorbloed.
Okop, kroonstuk, altaar, hoogste monument
in Afrika, aan jou voet rus BOERE in verlate graftes ! -
Swygend wend Njaro my tot Lengai, die Stoere
Vrou van Kaap Goeie Hoop, sal jy versend sy antwoord;
Lengai waak oor dié Boere.

.....oOo.....

Kilima is die Swahili vir berg.
Njaro - oervorm Njor - beteken in Masai gees, dus
Kilimanjaro, so saamgestel, beteken "gees van die berg".
Kibo en Mawenzi, kilometers van mekaar verwyder, is twee
vulkaniese kruine van Kilimanjaro en is Wachagga woorde vir
wit en swart. Kibo, ewig met sneeu bedek, noem die inboorlinge
wit, want hulle het sneeu nie geken nie. Mawonzi, sonder
ewige sneeu, word toe maar swart genoem. Lengai beteken God,
maar soos die Hebreër noem die Masai God se naam nooit nie en
Lengai beteken eintlik die ander een in die sin van ek en God,
die Ander Een. Njaro is 'n goeie manlike gees wat nie aanbid
word nie. Lengai beteken God of reën of lug of selfs weiding
waarsonder die Masai nie kan lewe nie. In die sin van die
almagtige, die skepper word Lengai hier gebesig. God maak
dus oor die gestorwenes in gans Oos-Afrika

Kilimanjaro die Kruin van Afrika
DEKI kyk terug.

(2)

FOUNTAINS SAFARI 1980

Yes, the names of East Africa means so much and they conjure up so many memories, but first, a very present and immediate reminder. The 1980 Fountains Safari is just round the corner; to be specific, on SATURDAY 4 OCTOBER. For most of us it falls neatly into the school holiday so pack your picnic basket and come and enjoy the day among old friends and acquaintances from sunrise (or earlier) until sunset (or later) under the shady trees at the Fountains, Pretoria.

IN MEMORIAM:

Sedert die laaste Saamtrek het verskeie oud Oos-Afrikaners heengegaan. As vriendekring betuig ons graag ons meegevoel met al die naasbestaandes. Ons waardeer alle inligting wat ons ontvang oor sterfgevalle en as blyk van waardering vir die rol wat dié persone in Oos-Afrika gespeel het publiseer ons graag alle interessante inligting wat ons oor hulle ontvang. Ons het die volgende ontvang van naasbestaandes en belangstellendes:

1. JAN DE WET (Oorlede 23-12-1979)

Beste Mnr. Boshoff

Graag wil ek net laat weet dat my Vader Jan de Wet die 23ste Desember aan 'n trombose oorlede is. Hy het altyd 'n belangstelling gehad in die Vriende van Oos-Afrika en het ook van u omsendbriewe ontvang. Die laaste byeenkoms kon hy ook nie bywoon omdat hy reeds toe in die hospitaal was.

Dankie ook vir u kontak namens die Vereeniging.

Groete

(Get.) Wina Jessen (Dogter)

2. STOFFEL ROETS (Oorlede Junie 1980)

Die volgende is saamgestel deur Danie Steyn uit inligting wat Oom Stoffel tydens 'n onderhoud aan hom verskaf het:

"Ek is saam met my ouers hier van die plaas Vlakfontein hier naby Standerton. Oupa Jan het 'n ondersoek ekspedisie gemaak na Kenia toe. Toe hy terug kom, het hy hier langs 'n paar vergaderings gehou op Bethal, Middelburg en op Standerton. Hy sê toe dat hy in die koerante gelees het dat die Britse regering na immigrante soek om te plaas op te neem in Kenia in die Uasin Gishu distrik om te gaan boer. Hy onderhandel toe met die Gouverneur en die sê toe dat as hy 30 families van Suid-Afrika kan kry dan sal hy hom voorkeur gee om plaas te kry in die Uasin Gishu distrik, toe het Oupa gekom en die vergaderings gehou en die mense gekry, to het Oupa weer gegaan. Toe het hy vir die gouverneur, gesê hy het die mense, en so gou as hulle klaar geoes het sal hy hulle bring. So het hy toe die trek georganiseer. My Pa het van die plaas Vlakfontein getrek tot op Middelburg. Op Middelburg het ons toe die osse verkoop en die wa op die trein gesit, tot op Delagoa Baai. Daar het ons toe op die skip geklim. Hy het die "Windhoek" gehuur vir 1750 pond. Ons was toe in plaas van dertig, 47 families. Daar was 454 siele. Heelwat perde het ook saam gegaan en byna elke familie het sy wa en osse gehad. Ander het 'n paar honde saam geneem.

3
Van Mombasa is ons toe per trein tot op Nakuru. Die vrouens, kinders en van die mans het sommer dieselfde aand die trein gevat, die meeste mans het by die waens en perde gebly om hulle op 'n goedere trein te laai. So is ons toe die volgende dag eers weg na Nakuru. Daar het ons naby die stasie tent opgeslaan.

Dom Frans Arnoldi, was toe al daar naby Nakuru gevestig, Martiens Bezuidenhout, en Piet van Dyk naby Solai. Die het almal Osse gestuur om ons waens na hulle plase toe te trek. Martiens Engelbrecht wat naby Molo gebly het, het sy familie gehaal. Maar 'n klompie van ons, die Enslins, die Wheelers, die du Plessis, en Koos Engelbrecht (d.i. Koos Dolant), en Barend Engelbrecht, My Pa, en Jan van Rensburg of Jan Duim soos ons hom genoem het, en van Dyk; het op Nakuru tent opgeslaan en daar gebly.

Toe begin ons osse koop en hulle leer. Oupa Jan het 'n ekspedisie opgemaak van 10 mense met perde, en 'n wa van Dom Arnoldi en een van sy seuns, Frank. Hy het toe die paadjie gaan wys na die Uasin Gishu. Op die ekspedisie van Oupa Jan van Rensburg, Piet Steenekamp, en Isak Smit, Piet du Plooy, du Plessis, Koos Prinsloo, Albert Steyn, Sagreis Ensil, en Dick Wheeler. Toe hulle terug kom was ons gereed om te ry.

Die heel eerste waens wat gery het was die Enslin - Plessis laer. Dit was my pa, en ou Jan van Rensburg, Piet Jordaan en Jan Mouton, Tom Davis en Jim Davis, Albert Steyn, Isak Smit en Jaap Smit, Koos Prens, Freek Niekerk, Piet du Plessis en die Enslins.

Die eerste dag het ons getrek tot by 'n spuitjie tussen Nakuru en Rongai, dit was 7 myl wat ons die dag gery het, die osse wou die waens nie eintlik trek nie, en die tweede dag het ons gekom tot by Rongai daar het ons gekampeer vir so 'n week. Toe het ons weer met die perde so bietjie voorentoe gery en pad gemaak. Die mense het heelwat vee gehad en ons jong mense was maar die wagters, en paar van die groot mense gaan saam. So was daar daardie een môre Dom Piet Plessis, op sy perd Roelie, hy was 'n baie goeie ou man. Hy het nooit sy geweer laat staan as hy van die kamp af gaan nie, hy het 'n groot 475 geweer gehad. Hy gaan toe die môre saam met ons seuns na die weiding. Daar was so groot kaal plekke en in die middel was daar 'n groot vye boom. Toe die beeste nou naderhand begin lê, toe die son warm word, staan ons so eenkant toe, toe sê Dom Piet, "daar onder daardie boom is iets snaaks", hy sit nog so op die perd, en sê, "Moet nie te naby loop nie dit lyk soos leeus", Ons keer toe die beeste een kant toe en hy is gou kamp toe om die ander mense te gaan roep, hy was ook nie te lank weg nie, toe kom my Pa en Dom Jannie Enslin daar aan. My skoon Vader en Oupa Jan kom toe ook daar te perd aan. "Ja, ons het hulle nie sien weg gaan nie so hulle moet nog daar wees". "Nou goeie", die mense klim van die perde af, en hulle stap aan. Toe hulle so op 'n honderd tree kom lig een van die sogenoemde leeus sy kop op. En sê oupa Jan, "Dis nie 'n Leeu nie, dis 'n vlakvark". Dit was nou 'n mooie grap vir jou daardie gewees.

Daarvan daan is ons na die Molo rivier, en het ons by 'n slegte plekkie gekom, dit was so 'n swamp-agtige plek wat ons moet deur. Ons is toe naderhand deur en daar het ons gekamp. Daar het die brand-as (muggies) ons vreeslik gepla. Toe gee die ou mense daardi plek die naam van Brand Vlei. Die anderdag môre is ons daarvandaan by Ravine verby, Ravine was toe net 'n polisie stasie.

Die mense wat met die ekspedisie daar was kom met die 10 perde en die waentjie en het daar uitgespan. Toe sê die ou mense, "Nou Ja, kyk nou van hier af moet ons die hout bos ingaan en ons weet nog nie hoe skiet ons nie". Toe maak hulle 'n kol teen 'n

boom se stam, en daar skiet Piet du Plooy die beste. Toe sê Koos Prens, "Dit is nou Piet se spruit, want hy het ons nou almal pak gegee hier met sy mooi geweer".

Toe ons met die trek kom, het ons daar 'n week gestaan en houtgekap en die bos oop gekap, dit was digte bos. Rongai lê omtrent 4000 vt bokant seëspiel. Eladama Ravine is 5000 en Timboroa is 9000. Ons het toe pad gemaak tot by Bak-oond-draai. Dit het ons twee dae gevat om die waens daar deur te kry. Daar is sulke rooi walle en ons het bak oonde uitgekap en die vrouens het brood gebak.

Toe kap ons Loxton's se bos deur en gaan haal ons die waens tot amper op Timboroa. Daar het ons weer 'n bos deur gekap. Maar die een stomp het ons nie laag genoeg afgekap nie, toe haak die stomp die wa se as af, en moes ons die wa opdonkerag en klippe onder sit en dit reg maak. Toe kom Oom Koos Prens daar van agter af en die sê my "Op die aarde Tienie wat het jy gemaak," Teuns sê vir hom "Oom die stomp het ons nie kort genoeg afgekap nie". Hy sê: "Is die wa van jou se beentjies dan so kort of het hy dan ingesak op die aard bodem, hoe het ek dit met jou Tiennie, hierdie bos se naam is nou Tienie se bos".

Ek is toe saam op 'n donkie. As die bok geskiet word moet hy op die donkie naby Timbaro gelaai word. Hulle het toe 'n bok geskiet, "Nee," sê Oom Nic ons moet hierdie bok se lewer braai, hy sê bring hout, en ons maak toe vuur, hy sny toe die lewer somer sulke stukkies, vat die gal en gooi dit in die vuur, ek sê "En Oom Pietie wat maak jy nou", hy sê "wag maar, jy sal nou sien proe". Dit was toe nog nie dood gaar nie toe eet ons. Dit was die lekkerste wat ek nog geëet het. Hy het dit gesout met die gal. Die ou mense was baie streng nie mors nie en net skiet vir die pot.

3. DS. GAWIE STEYN (Oorlede Julie 1979).

Die volgende is saamgestel deur Mnr. D. Steyn en Dr. H.J.C. Pieterse:

"Hy is in die distrik Malmesbury, op 1 August 1893 gebore. Einde 1919 het hy die Sending eksamen afgelê. In sy admisssie het hy skoolbestuur geloop.

In 1920 het Ds. Loubser hom versoek om na Oos-Afrik te gaan as onderwyser en ook om geestelike werk onder die Suid-Afrikaners te doen.

In 1921, op 'n Oos Indiese boot is hy saam met Ds. Loubser, Ds. van Zyl, en 'n onderwyser, Mnr. van Jaarsveld na Oos-Afrika. Hy was toe nog ongeorden. Die reis vanaf Durban na Mombasa het twee weke geneem. Die skip het al die Ooskus havens aangedoen. Op Mombasa moes hulle in 'n hotel oornag en die volgende dag die trein na Kisumu neem.

Al langs die spoor was dit vir omtrent 100 tree skoon gemaak om brand te verhoed. Op Nairobi het stapels hout gelê, die brandstof vir die lokomotief. By Nakuru die laaste halte voor die hoogland aangedurf word is ook bietjie gerus. Op Verbrande-Bos stasie (Burnt Forest) het vriende van Vergenoeg hulle kom haal.

5

Daar was onder andere Oom Frikkie Erasmus. Twee motors was daar om hulle te kry. Van daar met kronkellende paaie en g'n mense te sien nie, baie wild, en ape in die bome, na die Uasin Gishu, 'n oopgestrekte plato teen die Noord Ooste.

Die lang reis het op Broederstroom geëindig. Die hulle die naam gekry omdat die Boere (Broeders) eerste daar versamel het. Die mense van die ganse Plato het hulle daar verwelkom. Na preke en toesprake is almal na hulle tuistes.

Ds. Gawie is toe na Sergoit verplaas 15 myl Noordoos van Broederstroom. Hoofsaaklik vir onderwys maar ook om dienste te hou. Met die opening van die skool was die opkoms groot en hartelik. Hulle het gekom met donkies en os-karre.

Die meester se salaris van £20 per maand was gedeeltelik betaal deur die ouers en gedeeltelik deur die staat. Huislike opvoeding was streng, dus was sy taak aangenaam en maklik. Daar het hy ook 'n C.J.V. gestig en elke 14 dae, Saterdag namiddag, was klein en groot by die skool: daar was bespreking, debatte en skyfskiet.

In die aande kon mense die Kaffers hoor met leë blikke, soos hulle loop om die lande en slaan aan die blikke om die wild weg te hou van die gesaaides wat hulle so verniel. Wild was volop veral kwaggas.

Vakansies was die geleentheid om 'n bietjie te gaan skiet en safari hou. Met die verkoop van die Ivoor en velle het hy so iets meer by sy verdienste gelas. Een keer het hy met vakansie na Suid-Afrika gegaan.

Na 'n diens tydperk van 2 jaar op Sergoit is hy in 1923 na Engare-Nanyuki in Tanganyika op versoek van Ds. Loubser, om daar met die onderwys te gaan begin.

In ou Tanganyika het almal hom waardeer en geëer. Ek kan nie sê deur vriend en vyand nie, want hy had geen vyande of selfs teenstanders nie. Dit het nie in sy persoonlikheid en gedrag gelê om mense in die gemeenskap teen te staan nie. Die armste en eenvoudigste se huise en geselskap het hy opgesoek en uit Suid-Afrika na baie jare nog aan hulle geskrywe. Hy was lief om te korrespondeer. Hy het soos min ander mense in die verlede gelewe, sonder om die hede te verwaarloos. Ek het ook soos hy die "uitgewekenes" besoek en omdat hy hulle geëer het deur deur in hulle te ontdek, het hulle hom liefgehad soos geen ander geestelike van Oos-Afrika nie.

Hy was lief vir jag en avontuur. Daarom het hy Piet Nieuwenhuizen opgesoek en op vele gevarlike jagtogte vergesel. Nieuwenhuizen was gedurende die Eerste Wêreldoorlog Genl. Von Lettow se beroemde padvinder en is selfs deur Genl. Smuts bewonder as jagter en teenstander. Nou was Nieuwenhuizen 'n geharde en dapper jagter. Ds Steyn was netso gehard en het moegword nie geken nie. Hy het Kilimanjaro twee maal bestyg.

Van beroep en opleiding was hy nie onderwyser nie, maar toe die nood in Tanganyika op sy hoogste was, het Ds. Loubser hom "geleen" aan Ngare Nanyuki, waar hy 'n paar jaar met groot vrug gearbei het, as skoolhoof en natuurlik ook as leraar, alhoewel hy toe nog nie georden was nie.

Hy was 'n stille humoris en sonder 'n glimlag het ek hom min gesien. Hy het die kuns verstaan om onderhoudend te gesels. Hy was buitendien baie lief om te gesels. Hy het me die "oudstes" van Ngare Nanyuki gekorrespondeer totdat Uhuru die gemeenskap daar uitgeroep het en nie een siel meer oorgebly het om aan te skrywe nie. Hy sal tot in lengte van dae onthou word vir sy liefdesdiens. Die so waar: "Er gaat geen liefde verloren".

Vanaf 1926 tot 1929 is hy terug in Kenia en het hy op Broederstroom in die koshuisgebly. In 1929 is hy terug na Suid-Afrika waar hy hom op Calvinia gevestig het en daar in 1930 as Sendeling georden is. Hy het daar ook in die Moeder gemeente gepreek. Hy was al oor die tagtig toe hy vakante gemeentes gaan "uithelp" het, soms vir maande lank. Hy is in 1979 Julie oorlede en word oorleef deur sy vrou.

MENSE WAT TE DOEN GEHAD HET MET DIE ONDERWYS IN KENIA.

Eerw. laurenz
Eerw. W.J. Wentzel
P. Pienaar
I.F.A. Cilliers
A.P. von Maltitz
J.G.S. van Jaarsveld
D.J. Rousseau
Wolfie Wolmarans
Danie Bosman
Frikkie Olivier
"Oubaas Visser"
Ben Mouton
Mev. Willie Steenkamp
Frieda Keese

Bellie Malan
Johanna Malan
Maria Borman
Katherina Malan
Johanna Viljoen
Anna Engelbrecht
Sophie Malan
Jacoba Davies
Nan Wahl
Bonnie Boshoff
Ds. M.P. Laubser
Hoffie Retief

Ons will graag hierdie lys aanvul. Kan u help?

DIE HUIDIGE BESTUUR VAN DIE OOS-AFRIKA VRIENDEKRING.

Dr. H.J.C. Pieterse
(Voorsitter)
Posbus 8410
Johannesburg 2000

Mnr. A.G. Boshoff
(Sekretaris-Tesourier)
Knysnalaan 257
Sinoville
Pretoria 0182

Ds. P. Grobler
(Ondrvoorsitter)
Posbus 113
Warmbad 0480

Dr. W. du T. Malan
Eureka
VREDE 2455

Prof. P.G. Nel
Vogelstraat 850
Wingate Park
Pretoria 0153

Mnr. M.J.C. Fourie
Schubart Park
Blok D
Woonstel 1704
H/v. Vermeulen en Schubart Straat
Pretoria 0002

Mnr. G. Bouwer
Posbus 216
Groblersdal 0470

Ds. A. Driescher
Aandblomweg 69
Edleen
Kemptonpark 1620

Mev. J. Louw
Lynnwoodweg 47
Lynnwood
Pretoria 0001

Mnr. J. von Lansberg

Nataliestraat 80

Murrayfield

Pretoria 0184

Mnr. G. von Landsberg

Turnerstraat 26

Bethlehem, O.V.S.

9700

Mnr. D.M. Steyn
Agricultural High School
P.O. SETTLERS
0430

Mnr. J.J.H. Engelbrecht

Postbus 85

Schagen

1207

MESE WAT TE OEN BEHAD HET MET DIE ONDERWYS IN KENIA.

- | | |
|-----------------------|-------------------------|
| Erw. Laurens | Erw. W.J. Wentzel |
| F. Pienaar | I.F.A. Gillies |
| A.P. van Maritz | J.G.S. van der Westhuis |
| O.D. Roussouw | Wolff Wolmarans |
| Danie Bosman | Friskie Olivier |
| "Dobas Visser" | Ben Mouton |
| Mev. Willie Steenkamp | Friede Kees |

One will give the other the help.

DIE HUIDIGE BESTUUR VAN DIE OOS-ENDE VRIENDESKAP.

- | | |
|----------------------|-----------------------|
| Dr. W.J.C. Pretorius | Dr. A.G. Boshoff |
| (voorsitter) | (bestuurder-teenster) |
| Postbus 6410 | Postbus 6410 |
| Jonahsberg 7000 | Pretoria 0182 |
| Dr. P. Grobler | Dr. H. du Toit |
| (voorsitter) | (bestuurder-teenster) |
| Postbus 715 | Postbus 715 |
| Wimburg 0400 | Wimburg 0400 |
| Prof. P.E. Nel | Prof. P.E. Nel |
| Postbus 650 | Postbus 650 |
| Wingate Park | Wingate Park |
| Pretoria 0182 | Pretoria 0182 |
| Mnr. A. Boshoff | Mnr. A. Boshoff |
| Postbus 715 | Postbus 715 |
| Jonahsberg 7000 | Jonahsberg 7000 |



Asseblief? Asseblief? Asseblief?

Om soek nog baie antwoorde maar baie min mense antwoord. Die laaste vraelys het 40 van die 400 moentlikes geantwoord. Ons kan nie 'n getroue weergawe skryf nie as ons nie genoeg inligting het nie. (Ek sluit 3 vorms in - Pa, Ma, en Oupa of Omma)

Die Kaart - Verspreiding van die mense.

1. Wat was jou plaas nommer? Indien jy iemand anders se plaas nommer ken of kan identifiseer gee dit ook asb.
Indien jou plaas binnêre gebied val, se net na watter kant en ons sorg dat jy die deel kry.
 2. Wanneer het jy jou plaas gekoop? (so naaste moontlik). En weet jy wie was die vorige eienaar?
 3. Aan wie het jy verkoop en wanneer?
 4. Indien jy nie geboer het nie wat het jy gedoen?
-

Onderwys.

5. Waar het jy skool gegaan? Hoekom nie op in ander plek nie as daar 'n alternatief was?
 6. Ingesluit is 'n lys van mense wat met roë onderwys te doen gehad het. Wie van hulle ken jy en wat weet jy van hulle?
 7. Kan jy by die lys aanwyl?
-

8. Die Nagmaal Servies van die gemeente Vergenoeg, vanwaar kom hy? Hoe is dit aangekoop?

Blaaie om uit

9. Die klein Orrell. Dit is die klein orrell wat in die kerk op Eldoret gestaan het en nou in 'Huis Vergeweg' staan, "Tant Frieda se orrell." Van waar kom hy? Wat het hy gekos? Hoe is hy aangekoop.

10. Wanneer het jy Kenia verlaat?

11. Hoe het jy Kenia verlaat?

12. Nog mense van wie jy weet wat nie die brief gekry het nie - Hulle adresse arb.?

Dankie

Danie Steyn.

ns. Wie se lewensverhaal het ons nog nie?
As jy dit nie gee nie is dit dalk vir altyd verlore.

DS.

Pos die antwoorde in die ingeskte gefrankeerde kovert aan

Danie Steyn,

settlers Agricultural High Sch.,

P.O. SETTLERS.

0430.

ANTWOORD ASB HER

Van _____ Noemens van _____
 Name? _____ waar van toepassing.

Name _____

Geborte datum _____

Non kan jy verder skryf.

ANTWOORD ASB hier

Van _____ Noors van _____
Name _____ waar van toepassing.

Name _____

Geboorte datum _____

Nou kan jy verder skryf.